

Dinsdag 1 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:26 – 2:4

Fokusgedeelte: Genesis 1:26, 27

My Godsbeeld nie deur gestremdheid verduister nie

Wat 'n genade dat Genesis 1:26 en 27 ingeskryf is op die eerste Bybelbladsy. Genadewaarheid om die seer van gestremdheid nie te heel nie, maar in verstaansperspektief te plaas. Die boek Genesis neem immers nie as uitgangspunt dat die mens uit die newel van die oertyd tevoorskyn kom nie, maar dit gryp terug na die eerste minuut toe die horlosie van die tyd begin tik het.

Ses skeppingsdae in Genesis 1. En op die sesde dag die genesis (begin) van die mens. Die mens in soveel uitnemender waarde en betekenis bo al die ander skepsele. Want die Here sê: *“Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld ...”*

Die uniekheid van die mens is duidelik ... Ook die gestremde mens! Beeld van God. Skadubeeld ... Nie beter mens en swakker mens nie. Nie gestremd en nie-gestremd nie. Maar beelddraer, hoe gering ook al. En ook gelykenis. Gelykenis in lewende lywe ... Mens op aarde met 'n hemelse boodskap. Verteenwoordiger sonder oë dalk, maar met 'n mond. Sonder bene dalk, maar met krukke. Sonder 'n gesonde IK, maar iemand met 'n hart. Voluit mens, deur God geskape. Om God se heerlikheid te weerspieël op 'n eie manier. Op aarde ... namens die lewende Here.

Gestremd dalk, maar ook van so 'n mens is opgeskryf: *“Kom ons maak die mens.”* Goddelike besluit. En hoe onvolmaak ook al te durf vra:

“Hoe is ek (gestremd) mens dan tog u gunsteling, net bietjie minder as 'n hemeling?” (Ps. 8:3)

Die Skeppergod, Hy alleen gun jou die lewe, om Christus wil.

Sing: Psalm 8-2:1, 2, 3

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)